GRAAD 11 EKSAMEN
NOVEMBER 2007

**AFRIKAANS HUISTAAL VRAESTEL I**
**LEESVRAESTEL**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 3 uur | 100 punte

---

**Die nasienriglyne is 'n werksdokument wat voorberei is vir gebruik deur onderwysers omdat hulle die Graad 11-vraestelle nasien.**

**Daar mag wel verskillende interpretasies van die nasienriglyne wees, maar die onderwyser moet so na as moontlik by die voorgestelde riglyne hou. Indien daar twyfel bestaan, moet die onderwyser 'n ander werkgroep-lid of die betrokke Assesseringsspesialis kontak.**

**Die vrae word hier saam met die antwoorde verskaf om die nasienproses te vergemaklik. Die antwoorde verskyn in *skuinsdruk.***

---

IEB Copyright © 2007

## AFDELING A

### VRAAG 1 Begriplees en Geïntegreerde Taalgebruik

Lees die artikel (uit: *Insig*) op bladsy (i) van die Bronmateriaal noukeurig deur en beantwoord dan die volgende vrae:

1.1.1 Die woord "oor-dosis" in die titel verkry twee betekenisse (dubbelsinnig) weens die gebruik van die koppelteken. Verduidelik wat die betekenis **mét** die koppelteken is teenoor die betekenis **sónder** die koppelteken, maar steeds as één woord. (2)

*oor-dosis: dít wat vir die luisteraars se ore aangebied word*
*oordosis: te veel, (soos bv. pille) en veroorsaak probleme*

1.1.2 Waarna, dink jy, verwys die woord "Dubbele" in die titel? (1)

*Die twee aanbieders van die program.*

1.2 Martin eindig sy staaltjie sonder om sy slotsin te voltooi. Voltooi nou sy sin en die staaltjie met woorde wat in die konteks sal pas. (par. 3) (1)

***bv.*** *"voorstel wat die luisteraars moes gedink het van ons gesprek!"*

1.2.1 In par. 4 gebruik die skrywer drie idiomatiese uitdrukkings. Skryf enige TWEE van hulle neer met elkeen se betekenis langsaan. (2)

*met 'n knippie sout – glo dit nie regtig nie*
*van stryk bring nie – laat hulle nie ontstel nie*
*gesoute radiomense – ervare radiomense*

1.2.2 Waarom, dink jy, sou die skrywer hier idiome gebruik eerder as die letterlike taalgebruik soos jou verduidelikings? Gee twee redes. (2)

**bv.**
*maak dit interessanter om te lees*
*laat interpretasie oor aan die leser*
*gee afwisseling in die styl*
*hier dra dit by tot die informele trant van die stuk*

1.3 Riva beskryf die stemming van die program as "lig en gelukkig". Hoe sou jy die stemming van hierdie artikel beskryf? Gee net een woord. (1)

*geselserig, gemaklik, vrolik, passievol, prettig*

1.4 Van watter "gedugte kombinasie" praat Martin in par. 7? Verduidelik met spesiale verwysing na "gedugte". (2)

*Martin en Riva vorm 'n uitstekende paar as aanbieders. Hulle is so goed dat hulle nie maklik deur ander oortref sal word nie, dus, gedug.*

1.5 Hoe sou jy 16:00 en 19:00 in woorde skryf soos ons gewoonlik tyd aandui? SPEL KORREK! (1)

*vieruur , sewe-uur*

IEB Copyright © 2007

1.6 Dink jy die opmerking, "veral gemik op vroue tussen 25 en 45" is seksisties? Verwys ook na die teks in jou antwoord. (2)

*Nee, nie hier nie. Mans en vroue luister na die program na werk op pad huis toe, maar gewoonlik is dit vroue wat ook by die huis sal verder luister wanneer hulle besig is om kos te maak.*
*Ja, as leerder verwys na die feit dat dit dikwels mans is wat deesdae kosmaak tuis.*

1.7 Verduidelik "... om nie op 'n af dag af te klink nie." (par. 10) deur die frase oor te skryf in jou eie woorde. (1)

*... om nie op 'n dag wat jy nie goed voel nie vir die luisteraars te laat agterkom dat jy terneergedruk of dalk siekerig voel.*

1.8 Die toon/trant van die artikel is informeel en geskryf in omgangsafrikaans. Noem twee voorbeelde uit die styl en taalgebruik in die teks wat hierdie informaliteit illustreer. (2)

**bv.**
*die baie dialoog*
*die gebruik van Engelse woorde*

1.9 Verduidelik hoe die eerste vier paragrawe met mekaar skakel, d.w.s. watter tegnieke gebruik word om samehang te bewerkstellig. (2)

*Die staaltjies genoem in par. 1 word geïllustreer in par. 2 en 3 en par. 4 begin dan met "Maar" wat op 'n teenstelling van die voorafgaande dui.*

1.10 Noem twee redes waarom die twee aanbieders hul werk beskou as "'n liefde eerder as 'n job". (2)

**bv.**
*Die stasie is dinamies en lê klem op verskeidenheid.*
*Hul werk is 'n voorreg, want hulle vermaak mense en hou hulle gelukkig.*
*Hulle geniet die werk en mekaar en dis pret.*

1.11 Verander die frase "om nooit ooit vervelig te raak nie" deur **vervelig** te vervang met **verveel** sonder om die betekenis te verander. (1)

*om nooit die luisteraars te verveel nie*

1.12 Die artikel word beskryf as 'n **promosie**-artikel.

1.12.1 Wat is dus die doel van die artikel en sou *Insig* die skrywers daarvoor betaal? Verduidelik. (2)

*Die doel is om Jacaranda 94.2 te adverteer en die radiostasie sal eerder vir die* ***tydskrif*** *betaal om die advertensie te plaas.*

IEB Copyright © 2007

1.12.2 Dink jy hierdie artikel sal jóú aanspoor om in die vervolg op hierdie program of stasie in te skakel? Motiveer met verwysing na die teks. (2)

*Leerder se eie mening met verwysing na inligting in die teks.*

**[26]**

## VRAAG 2 Opsomming

2.1 Drie musiek-CD's word op bladsy (ii) van die Bronmateriaal geresenseer. Som die resensies soos volg op:

Skryf DRIE **volsinne** oor elke CD:
- een oor die tema
- een oor die tipe musiek
- een oor die kunstenaar en gehalte

- Moenie aanhaal nie, maar gebruik jou eie styl
- Gebruik 'n maksimum van **80 woorde** en skryf die aantal woorde onderaan (die titel van die CD en die naam van die kunstenaar hoef nie bygereken te word nie)
- Korrekte taalgebruik en spelling is belangrik.

**LET WEL**:
Verontagsaming van enige van die bogenoemde aanwysings sal jou punte negatief beïnvloed.

**'n Metingskaal vir assessering word hieronder gegee.**

***In die arms van die nag*** *is toonsettings wat moderne kwessies openlik aanspreek.*
***Bacchus Nel*** *is ongelooflik vaardig met die woordverwerkings.*
*Die musiek is aangenaam, akoesties en soms selfs opwindende rock.*

***Chris Chameleon*** *se toonsettings van Ingrid Jonker se gedigte laat hul herlewe.*
*Sy gevoelvolle ryk stem verhef die lirieke tot nuwe hoogtes.*
*Hierdie CD is treffer-materiaal.*

***Stoomradio*** *van die* ***RKD-driemanskap*** *is 'n mengsel van boeremusiek, country-lirieke en bluegrass.*
*Dis verrassend verskillend van die konvensionele aanbiedings.*
*Dis moeilik om te besluit of dit ernstige of sommer net ligte musiek is.* (10)

IEB Copyright © 2007

2.2 Iemand wil vir jou een van die CD's present gee. Watter een sal jy kies **en** watter een wil jy glad nie hê nie? Verduidelik jou keuse met verwysing na die resensies. (3)

*Leerder se keuse* ***met spesifieke motivering*** *uit die teks. Maak seker dat na albei keuses verwys word. Leerder moet 'n duidelike stelling maak oor keuse.*

| | **Kriteria** | **Vlakke Kodes** | **Uitstekend 7—6** | **Goed 5** | **Redelik 4—3** | **Minimaal 2—1** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Inhoud: 3 CD's se 9 sinne is korrek volgens vereistes | | | | | |
| | Punt: | | 10—8 | 7—6 | 5—4 | 3—0 |
| 2 | Volsinne, eie styl, woordperk | | | | | |
| | Punt: | | 5 | 4 | 3 | 2—0 |
| 3 | Taal en Spel. | | | | | |
| | Punt: | | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 4 | Woordtal korrek aangedui. | | | | | |
| | Punt: | | 1 | | | 0 |

Deel punt uit 20 deur 2 vir die punt uit 10.
Uitstekende inhoud beteken dat die leerder duidelik aantoon dat hy/sy die teks kan interpreteer en die konnotasies kan interpreteer en weergee.
Eie styl verwys na die vermoë om die teks se gegewens akkuraat te kan weergee sonder om bloot die teks oor te skryf en te verkort. Begrip is dus belangrik.

**[13]**

## VRAAG 3

Tydens die Wêreldbeker-toernooi vroeër vanjaar, het die Proteas (SA se krieketspan) baie kritiek ontvang na hulle skynbaar een aand kwaai gedrink het in 'n klub en moles aangevang het.

Bestudeer nou die spotprent op bladsy (iii) van die Bronmateriaal wat na aanleiding hiervan in Die *Beeld* verskyn het en beantwoord die vrae.

3.1 Om "drie rye spore te loop" is 'n omvorming van 'n bekende Afrikaanse idioom. Wat is die korrekte uitdrukking en wat beteken dit? (1)

*Hy loop twee rye spore – hy is dronk*

3.2 'n "6" is 'n grenshou wat luglangs **oor** die grens geslaan word en 6 lopies tel. Op watter **ironiese** wyse sluit raampie 3 se illustrasie aan by hierdie grenshou? (2)

*Hierdie speler het* ***6 biere*** *gedrink en is oor die grens, dus uitgeslaan deur die alkohol. Sy 6 het dus 'n negatiewe betekenis.*

IEB Copyright © 2007 

3.3 **Uit** beteken 'n kolwer is uitgehardloop of uitgevang. Watter spottende betekenis het **Uit** in raampie 4? Verduidelik deur na die woorde en prent in raam 4 te verwys. (2)

*Hy is uit d.w.s. nie by sy bewussyn nie. "Uit soos 'n kers" beteken heeltemal halfdood a.g.v. al die biere wat hy gedrink het soos die leë bottels aandui en nie a.g.v. sy spel nie.*

3.4 Hoe herken die leser die "kriekettekens" waarna in die opskrif verwys word, in die raampies? (1)

*Die tekens verskyn in die raampies in dieselfde letterdruk as die opskrif*

3.5 Kyk na die nuwe sporthemp van die Proteas.
Waarom is die nuwe logo/embleem 'n druiwetros en wat is dit veronderstel om te wees? (2)

*Die druiwetros verwys na die drank wat gedrink is en dit behoort 'n protea-blom te wees*

3.6 Wie word aangedui as die nuwe borg van die span (op die hemp)? Verduidelik hoe dit pas by hierdie situasie. (2)

*Dis die AA – Alkoholiste Anoniem (of die Engels). Hulle sal die span nie steun met geld nie, maar met terapie om van die drankprobleem ontslae te raak.*

3.7 Kyk na die twee katte en verklaar die twee verskillende betekenisse van die uitdrukking "eish" in hierdie konteks. (2)

*Die swart kat druk sy skok en teleurstelling uit met die tussenwerpsel "eish".*
*Die gestreepte kat verwys na die ys in die drankies, maar spreek die woord uit soos 'n dronk persoon dit met sleeptong sou uitspreek.*

3.8 In raampies 1-3 word die spelers se neuse op 'n spesifieke manier geteken sodat dit dui op 'n moontlike kleurverandering. Watter stereotipering dui die tekenaar daarmee aan? (2)

*Dit dui op die kenmerkende rooi-beaarde neus wat aangetref word by mense wat gereeld te veel drink. Hy impliseer dat die krieketspelers ook gereeld in klubs rondlê en te veel drink.*

3.9 Dink jy hierdie spotprent in 'n koerant is 'n regverdige opmerking oor die krieketspan? Verduidelik jou mening deur te verwys na hierdie situasie. (2)

*Ja/Nee en goeie motivering*

*(Met hierdie spotprent is gepoog om nie die vrae spesifiek krieketgerig te stel nie, maar eerder op taalgebruik en kritiese taalbewustheid sowel as visuele leesvaardigheid klem te lê. Dit sal gaaf wees as u terugvoer gee oor die sukses hiervan al dan nie.)*

**[16]**

IEB Copyright © 2007

**VRAAG 4** (15)

4.1 Bekyk die advertensie "*Afrikaans kook*!" op bl (iv) van die Bronmateriaal en beantwoord die vrae:

4.1.1 Die woord "kook" kan letterlik of figuurlik gebruik word. Verduidelik dié twee betekenisonderskeidings van "kook". (2)

*Kos kook letterlik – denotasie - word gaar en eetbaar*
*Iets , bv. bloed kook, of daar kook iets agter in die klas – daar is iets aan die gebeur of aan die gang - figuurlik.*

4.1.2 Dui nou aan watter betekenis hier gebruik word deur die uitdrukking "Afrikaans kook!" te verduidelik. (1)

*Afrikaans kook beteken Afrikaans lewe, word orals gebruik, ens - figuurlik.*

4.2 Wat beteken dit "om jou woorde te sluk"? (1)

*om te erken dat jy verkeerd is*

4.3 Kyk na die koppelteken in "lekkerbek-fynproewerstaal"

4.3.1 Wat is die funksie van die koppelteken soos dit hier gebruik word? (1)

*Dit dui aan dat dit 'n buitengewone samestelling is wat baie lank is en dus beter gelees en verstaan sal word as die twee dele met 'n koppelteken geskei word.*

4.3.2 Wat is nou die funksie van die koppelteken as dieselfde begrip soos volg geskryf word: lekkerbek- en fynproewerstaal? (1)

*Twee begrippe word nou aangedui en die koppelteken dui op die herhaling van die woord "taal" by elke begrip: lekkerbektaal en fynproewerstaal.*

4.3.3 Hoe sou jy die verskil tussen hierdie twee soorte "taal" beskryf? (2)

*Lekkerbektaal is 'n meer informele, loslit omgangsafrikaans. Fynproewerstaal dui op meer formele standaardafrikaans.*

4.4 Hoe sluit die woord "hutspot" (par. 2) aan by die inhoud van die advertensie? (1)

*'n Hutspot is soos 'n bredie vol verskillende bestanddele en in taal dui dit op al die variëteite van streektale en sprekers.*

4.5 Watter woord sê vir ons dat die vieringe nie net Afrikaanssprekendes insluit nie? (1)

*Die woord "multikulturele" dui daarop.*

IEB Copyright © 2007 

4.6 "Afrikiti's" is 'n nuutskepping (neologisme) wat gevorm is na analogie van 'n bestaande woord in Sesotho. Wat, dink jy, beteken "Afrikiti's" soos dit in par 3 voorkom? (1)

*Afrikiti's beteken 'n klomp feesvierings waar die vreugde van die gebruik van Afrikaans gevier word ...*

4.7 Kyk na die woordspeling op "peper" in die eerste paragrafie. Watter twee betekenisse van "peper" word hier uitgehef? (2)

*sit* ***peper*** *(spesery) in die kos om dit te geur*
***gooi*** *peper in die kos (peper is om te gooi)*

4.8 Waarom dink jy, gebruik die kopieskrywer die voornaamwoorde *ons* en *jou* asook *kuier* in plaas van *besoek* in die teks? (2)

*Om elke leser intiem te betrek by die advertensie as spreker en leser van Afrikaans en kuier dui op 'n vriendskaplike verhouding en aktiwiteit tussen mense.*

**[15]**

**70 punte**

IEB Copyright © 2007

## AFDELING B Poësie

Al drie gedigte se vrae moet beantwoord word.

### VRAAG 1 Vroegherfs deur N.P. van Wyk Louw

**Vroegherfs**

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lig
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte môre witter staan.
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug en ver was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

1.1 Hierdie baie bekende gedig is 'n sonnet.
Besluit of dit 'n Engelse of Italiaanse sonnet is en verwys na minstens twee aspekte in die teks, m.b.t. vorm en inhoud, om jou antwoord te staaf. (3)

*Italiaans. Dit bestaan uit 'n oktaaf wat 'n herfsproses beskryf en 'n sestet wat 'n toepassing is en die spreker se bede om 'n soortgelyke proses in sy lewe te bewerkstellig.*

1.2 Skryf 4 frases uit reëls 1-8 neer wat aandui dat hier 'n **proses** beskryf word. (2)

*word ryp; wingerd wat verbruin; witter lug; nuwe wind; blom word vrug; eerste blare val; witter staan. (enige 4)*

1.3 Hoe verstaan jy die spreker se gebed in reëls 9-14? Sê dit in eenvoudige **letterlike** taal en verwys na die teks in jou beskrywing. (3)

*Die spreker vra dat alle onnodige versugtings soos trots en selfsug van hom weggeneem moet word, die dinge wat net oppervlakkige vertoon en onvolwasse was, sodat hy 'n beter, dieper, suiwerder mens uit die proses te voorskyn sal kom.*
*Hy vra dus vir 'n soortgelyke stropingsproses as herfs, vir sy lewenswaardes*.

IEB Copyright © 2007 

1.4 Op bl. v van die Bronmateriaal is drie prente/foto's. Watter EEN sou jy kies as die mees sinvolle illustrasie van die gedig? Motiveer jou keuse met verwysing na die gedig. (2)

*Leerder se eie keuse **met motivering en duidelike** teksverwysing*

*Bv.: leerders kan verwys na teks of aanhaal*
*bome – stropingsproses – word kaler verloor blare*
*man in biddende houding soos die gebed in die sestet*
*littekens wat toon dat pyn ervaar is en volwassewording die gevolg is*

## VRAAG 2

**Afrikaans - T. de Jager**

Al sou die jonges vol wellus en drif
tussen die flitse teen jou dans
en jy dronk van die dromme en draaie
en die polsslag van 'n neonnag
oor ons skouers huis toe gesleep word,

al sou die oudstes wat lyfseer en moeg
wil afpak langs 'n skemervuur
voel jy raak te swaar
om op die langpad na môre saam te dra,

en al word jy in die modeseisoen
van gee-en-neem-ooreenkomste
na die uitverkopingsrak toe afgemerk

sal jou spore deur die woorde wat ons sê
soos 'n ploegvoor oor die suidland lê.

2.1 Kyk mooi na die strofebou van die gedig. Verduidelik watter progressie jy opmerk in die korterwordende strofes van die gedig. (2)

*Iets soos: Al lyk dit asof Afrikaans se **stryd om te bestaan al moeiliker en sy leeftyd al minder word**, sal die sprekers daarvan sy woorde steeds bewaar en laat voortleef en laat groei. Dit is die **gevolgtrekking van die finale stelling in die koeplet** .*

2.2 Watter gebruik van Afrikaans as spreektaal word in elk van die situasies in strofes 1-3 beskryf? (3)

*Strofe 1: Jongmense dans by 'n disko op maat van Afrikaanse musiek en lirieke. Later stap hulle steeds singende huis toe, maar nou effens dronk en sleeptong.*

*Strofe 2: Oumense is moeg vir die lewe en gesels min. Hulle wil nie meer stry vir die taal se plekkie in die son nie.*

*Strofe 3: Ekonome, politici, onderwysowerhede is steeds besig om die posisie van Afrikaans as gebruikstaal te debatteer en neig om dit van sy regmatige plek as SA taal te ontneem en te verlaag tot iets wat goedkoop en minderwaardig is*

IEB Copyright © 2007

2.3 2.3.1 Wie is die "jy en jou" na wie die spreker in die gedig verwys?

*Afrikaans* (1)

2.3.2 Verduidelik nou hoe jy hierdie gedig verstaan. (2)

*Afrkaans sal bly voortleef solank as mense dit praat. Niks en niemand sal dit verander nie. Meer nog, dit sal diep spore bly trap in SA en soos 'n land wat geploeg en beplant word, word gesuggereer dat dit steeds sal leef en groei.*

2.4 Hieronder word drie alternatiewe titels vir die gedig voorgestel. Watter EEN dink jy sal die beste pas? Motiveer jou antwoord met verwysing na die teks: (2)

**AFRIKAANS KOOK** **AFRIKAANS BLOEI**

**AFRIKAANS KWYN**

*Antw: eie idees, bv. Afrikaans kook; verwys na str. 1 en beskryf*
*Afrikaans bloei: verwys na tekens dat Afr. seerkry of groei (2, 3 of 4)*
*Afrikaans kwyn, besig om te verdwyn en minder gepraat te word* bv. 2/3

## VRAAG 3 Onvoorbereide gedig

### Spinnekoppie

'n Soetrissie-rooi stippie
snel oor my boek op agt wimpertjies
ongehinderd deur die wind.
Amper-nie raak ek hom aan
en sien 'n pienk smeerseltjie
op die jammer papier.

3.1 Vertel kortliks in jou eie woorde wat in hierdie kort gedig beskryf word. Maak seker dat jy na al 6 die versreëls verwys. Jy skryf dus 'n parafrase. (3)

*'n Baie klein spinnekoppie hardloop oor my boek op sy agt dun pootjies. Hy is so klein dat selfs die wind sommer deur hom waai, maar nie wegwaai nie. Per ongeluk raak ek hom aan met my vinger as ek hom van my bladsy wil verjaag en hy is dood. Al wat nou oorbly, is net 'n klein pienk kolletjie op my wit papier. Ek is tog so jammer daaroor.*

3.2 Om watter rede, dink jy, word "soetrissie-rooi" gebruik om die spinnekoppie te beskryf eerder as byvoorbeeld "tamatierooi" of "lipstiffierooi"? Gebruik 'n bekende herhalingspatroon as jou rede. (2)

*Die klankherhaling/alliterasie van s in soetrissie, stippie beklemtoon die kleinheid en rooi kleur van die spinnekoppie. (dalk ook 'n verwysing na die r-klank)*

IEB Copyright © 2007 

3.3 Waarom, dink jy, is die smeerseltjie **pienk** en nie **rooi** nie? Gee twee redes. (2)

*Die rooi spinnekoppie is so klein dat die rooi kleur verdun/verflou as hy gesmeer word. Die rooi kleur op die wit papier lyk pienk. (ook ander moontlikhede)*

3.4 Verduidelik en benoem die vreemde uitdrukking "jammer papier". (2)

*Dis 'n metafoor en beteken dat dit nie regtig die papier is wat jammer is nie, maar die spreker se gevoel van jammer wat verplaas word.*

3.5 Dink jy diê gediggiê sou pas in 'n digbundel met die tema, 'Groen'? Verduidelik jou antwoord op 'n sinvolle wyse. (1)

**[10]**

---

Dit sal gaaf wees indien u sal terugvoer gee oor die tydsduur van die vraestel en of daar enige tekens was van onregverdige vraagstelling asook kommentaar lewer op die soorte tekste. Ook of leerders wat voorheen miskien SG sou geskryf het, die vraestel kon hanteer.
Kom asb met Me Ros Janisch (011 483 9708) by die IEB in aanraking hieroor. U terugvoer is belangrik vir die Graad 12-vraestelle in 2008.

IEB Copyright © 2007